**17 Augustus** **Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 1

## God is regverdig

Ons Skrifgedeelte bevat een van die treffendste gebede in die Bybel. Daniël tree in vir die sondes van sy volk. Hy staan nie eenkant en lewer hoogdrawend kommentaar op die vergrype van die verlede nie, maar identifiseer hom met daardie sondes. Hy vas, trek rouklere aan en pleit by God om ontferming vir "ONS sondes".

In sy gebed nader Daniël tot God wat regverdig is. Omdat God regverdig is word die volk se sondes gestraf (vers 7, 14). Omdat God regverdig is het geen mens (ook Daniël) enige aanspraak by God nie. "Ons pleit by U om ontferming, nie omdat ons regverdig is nie," sê Daniël (vers 18).

Hoe kan onregverdige mense enigiets goeds van 'n regverdige God verwag? Dit is hierdie vraag waarmee Daniël worstel, waaroor hy vas en rou. Hy kry nie die oplossing nie. Van God self moet die antwoord kom, besef Daniël. Hy vra: "Ter wille van Uself, hoor tog my gebed" (vers 17, ook 19).

Eeue later gebeur dit inderdaad. Uit God self kom Iemand, Jesus Christus, na vore. Hy, volkome regverdig, dra al die onregverdigheid (ongeregtigheid) van God se volk op sy skouers en betaal daarvoor.

Nou ís daar klaar betaal en as daar klaar betaal is, is daar mos nie meer skuld nie! Wat verhinder jou om vandag soos Daniël in te tree en te vra dat sondeskuld in die Naam van Jesus Christus afgeskryf word? Niks nie! God sal dit mos doen! Hy IS regverdig!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~